



Eilande

ANNETTE ROUX

Stilbaai Leeskring en
SUZANNE HENDERSON

Ann Naudé Leeskring, Worcester

Saamgestel deur
GRIZELL AZAR-LUXTON

Met die 400-jarige bestaan van die Generale Vereenighde Nederlandtsche Geoctroyeerde Oostindische Compagnie (VOC) wat voorverlede jaar herdenk is, is **Eilande** met sy 756 bladsye 'n besonder waardevolle boek.

Die buiteblad van **Eilande**, 'n groen onstuimige see waarin 'n klein outydse seilskip skuins teen die wit waters beur, skep 'n atmosfeer van spanning of selfs 'n voorgevoel van onheil of vrees. In die verhale speel die

Die eiland is volgens Louise Viljoen ook 'n beeld van die manier waarop mense deur die noodlot gestroop kan word totdat hulle alleen staan. Fiskaal Deneyen haal Donne aan (p.509): 'Geen mens is soos 'n eiland, totaal los van ander nie. Ons is almal verbonde. So, as die doodsklok lui, vra jy verniet vir wie. Dit is vir jou. Pieternel antwoord: Ek ken mense wat heeltemal niemand het nie. Eilande.'

In die proloog maak die leser kennis met die verteller/klerk De Grevenbroek wat inligting versamel oor die geskiedenis van die Kaapse nedersetting se eerste vyftig jaar. Hy was in diens van die Kompanjie, maar hy het baie stories 'wat roep om gehoor te word' - skraapseltjies papier wat hy oor 'n dekade in sy toga se mou huis toe gedra het.

Hy vertel die verhaal van korrupsie, die Van der Stels 'wat mense laat sterf aan hulle hande' met wrede strawwe vir slawe en koloniste - alles vir eie gewin, status en rykdom.

Ver van die vaderland moes die buiteposte en veral die Kaap as verversingstasie gevestig word, want dit was die weg na die mistieke Ooste en Batavia, wat 'n

ekonomiese wankelrige Nederland aan die gang moes hou.

Uit hierdie 'bloedige' geboorte van die Kaapse nedersetting is daar die verhaal van Pieterella van Meerhof en die sewe mans, 'wat haar in die hart gedra het'. De Grevenbroek het haar nie self geken nie, maar homself verplig beskou om haar lewensverhaal te vertel, 'want mense sterf eers werklik as hulle nie meer onthou word nie'.

Die lesers wonder of die skrywer die klerk/verteller is wat hierdie boeiende verhale samehangend en aanvullend bymekaar bring. Volgens 'n resensie volstaan Sleigh by die klerk as verteller.

Die boek gee vir ons 'n greep uit die geskiedenis van die eerste vyftig jaar van die mense aan die Kaap onder die bewind van die VOC. Die verhale van sewe mans is ook eilande van kennis wat subtiel ineengewee word. As die deur toegaan oor die lewe van een, maak 'n deur in die geskiedenis van die ander oop. Al sewe mans het 'n verbintenis met Pieterella van Meerhof gehad, maar sy bly 'n skim, 'n bejammerenswaardige dogtertjie, 'n verstandige jong meisie, 'n geliefde vrou en moeder, 'n herinnering aan iemand wat te vroeg gesterf het, maar nooit 'n werklike karakter nie. Sy is net die een wat almal saambind. Dit is meer die verhaal van haar moeder, Eva-Kratoa, wat die pynlikste in die geheue van die leser bly en moontlik ook die beste geteken word.

Austhumau of Harry is die verarmde strandloper sonder vee en besittings wat dink dat hy ryk sal word uit die Hollanders. Hy gee Eva aan Van Riebeeck as tolk en kinderoppasser en is middelman in transaksies met die Hollanders. Hy poog om die Hollanders en ander Koina te verkul, maar raak self verkul en sterf arm en versukkeld.

Peter Havgard (van Meerhof) vlug uit die koue en armoede van Denemarke en droom van die eksotiese Ooste. Hy word sjirurgyn (mediese ordonnans of paramedikus) aan die Kaap en word al meer vasgeketting deur sy verbintenis en latere troue met Eva. Die kinders is later al vreugde vir hom in hierdie samesmelting van uiters verskillende mense en kulture. Op 'n ekspedisie om slawe te koop, beleef hy wel Mauritius se trope, maar word in Madagaskar vermoor.

Bart Borms kom as skipbreukeling op Mauritius in 'n tydperk toe dit onbewoon is. Hy beland uiteindelik aan die Kaap waar sy pad met dié van die Van Meerhofs kruis.

Hans Michiel Callenbach, wees gelaat in die verwoesting van die dertigjarige oor-

log, word 'n soldaat in die leër van 'n prins. Hy skiet 'n vlugtende bandiet dood en uit vrees vir vervolging sluit hy aan as soldaat van die VOC. Hy word poshouer by Saldanha en Keer de Koe en uiteindelik as opvolger van Pieter van Meerhof op Robbeneiland waar sy pad met Eva en haar kinders kruis. Na 'n tydperk in die leër van Prins Willem van Oranje kom hy weer na die Kaap en word teen sy wil weer poshouer op Robbeneiland, 'n gevangene soos dié wat hy oppas.

Advokaat Deneyn kom as fiskaal na die Kaap. Hy pas die wet na die letter toe maar wreed en sonder genade. Hy bring Pieterella en haar broers terug van Robbeneiland en sorg dat hulle deur die Van der Byls opgevoed word. Hy word deur goewerneur Bax na Batavia gestuur om daar verantwoording te doen vir die wreedheid waarmee die reg toegepas is.

In 'Sapitahu' word die verhaal vertel van Pieterella en haar broer Salomon se reis na Mauritius, haar troue op 14 jaar met Daniel Zaayman en die amper idilliese lewe as vryburgers op die eiland. Toe Daniel in sy sestigste jaar terugkyk, het hy aan sy seun gesê: 'Dit is soos die see ook, jy seil 'n paar weke in mooi weer met die fok voor jou boeg, en geen twee dae is eners nie, en dan is dit weer storms vir 'n tyd lank. Jy kom deur, maar elke slag is jy meer verweer, jou skip meer verslete, en jy verloor van jou mense. Ja, jy verloor van hulle. En, dit is vreemd dat jy die aangename tye vergeet, waarvan daarvan soveel meer was, maar dit is die storms wat jy onthou. Aan die einde kyk jy om en jy sien net 'n tuimelende see agter, en 'n tuimelende see voor, en die nag so dig dat jy nie weet wat jy met die roer en seil sal kan uitrig nie, en jou kompaslig brand al kleiner en kleiner in sy kis (p.592). Sy joernaal soos hulle sê, die joernaal van die skip, Mauritius, wat gesink het en deur sy bemanning verlaat moes word, dit is ook sy lewensjoernaal.' Die VOC besluit om die stasie op Mauritius te sluit, alles op die eiland word vernietig en die Zaaimans moet van voor af begin in die Kaap.

Johannes de Grevenbroek is die klerk wat die inligting wat hy gedurende sy loopbaan in die diens van Jan Kompanje versamel het, orden en uitbou tot 'n geskiedenis van die Kaapse nedersetting se eerste vyftig jaar. Dit is ook deur hom wat ons leer dat die Zaaimans verarm en verstote dood is aan pokke. Hulle dogter, Maria se kinders en seun Pieter se nageslag is opgeneem in baie families. Die klerk vat dan ook baie van die verhale saam tot 'n eenheid. Hy het

Callenbach geken as 'n ou soldaat en Lamotius as 'n liggaamlik gebroke kluisenaar in Stellenbosch.

Hierdie kort opsomming kan nie naastenby reg laat geskied aan die karakters en leefwyse van die mense wat die boek aan ons voorstel nie. Ons ervaar die oorlog in Nederland, die moeite om in Mauritius 'n boerdery te vestig, die geweld as 'n orkaan alles wegvee. Die 'bloed en derms' van die werk van die sjirurgyn en die marteling van beskuldigdes om 'n skulderkenning word presies weergegee. Die lewe op 'n skip, die harde werk en soms onmenslike toestande, die geweld van 'n sikloon, en die dobber oor die oseaan in die reddingsboot en dan die lotusland van die onbewoonde eiland volgens kaptein Frooij: 'Mauritius is soos die paradys, maar daar, juis daar, moet jy duiwels verwag.' (p.469). Die verskillende verhale of 'eilande' word tot 'n mosaïek van die lewe aan die Kaap geskep. 'n Mens kan nie help om te dink nie 'Les Mirables', die arme mense, almal slagoffers op die altaar van die welvaart van die VOC.

Worcester leeskringlede deel Stilbaai se sentiment oor die gebrek aan 'n woordelys. Die meeste woorde is opgesoek - twee vir interessantheid: Oorlammer ken ons in Afrikaans nog in die vorm 'oorlams' met twee betekenisse: bedrewe, handig, al aangepas by die beskawing teenoor baar, of geslepe, slu, lank in die land. Die woord kom uit Maleis en volgens die Nederlandse woordeboek beteken dit 'n sopie, 'n Nederlandse skeepskaptein sê dit is die houertjie waarmee hulle sopies op 'n skip afmeet. Op p.72 word die roepstem van die Ooste so gegee: 'Orang lama, Orang bahru, was soet gegeurde woorde, woorde om mee te toor.'

'n Fokseil is die klein driehoekige seil aan die voorste ra. Op 'n kleiner boot sal ons dit moontlik met 'n 'jib' in Engels ver taal.

Die taalgebruik en beelding is uitstekend. 'n Voorbeeld: Daniel Zaaiman sê van Dubertin, die Franse kapokhaantjie, 'n Grootprater, verwaand, iemand wat soos 'n galjootjie gemonteer is, maar die lawaai het van 'n fregat van agt-en-veertig vuurbekke.'

Oor Van der Stel (p.692): 'Terwyl hulle persoonlike witgekalkte heerlikhede aanlê, laat hulle hutte en tuintjies op eilandjies vergaan. En mense, want eilande is mense.'

Leeskringlede het saamgestem dat 'n kaart van die vroeë Kaap nuttig sou wees, so ook benamings van seilskepe, ou gebruikswoorde - *wimpels*, *slopepe*, *fokseile* en die *reede* wat vreemd op die oor val, maar

miskien wou die skrywer die leser self laat naslaanwerk doen by die plaaslike biblioteek. Op die ou kaart word die Sout-, Liesbeeck- en Groenrivier, die reduite Keert de Koe en Houd den Bul en die eerste plase Rustenburg en De Schuur aangedui. Vandag is alles vinnig bereikbaar, maar in die beginjare was dit onherbergsame kontrei - en dagreise ver van die 'beskawing' by die Fort.

Daar was ook siektes met vreemde name - *watersug* (Beri-Beri) as gevolg van 'n vitamientekort op Robbeneiland; die hoogs aansteeklike en dodelike *Engelse* of *Venus*siekte (sifilis versprei deur matrose en hoere oor oseane heen), en *skeur*buik (die oorsaak van vrot kos en haglike higiëne op seilskepe). Die pokke-epidemie wis byna die hele Koina uit - was dit die prys, die hoogste offer wat betaal is vir hulle rykdom van beeste en weiding en ruilhandel met die Wye Broeke?

Kommentaar

Petra Müller: 'n Letterkunde is ook 'n lewendige ding - dit is 'n organisme. Dit het 'n naspeurbare en 'n samehorige bestaan. Daar kom oomblikke in letterkunde, soos in ander lewende entiteite, wanneer dit sigself verruim. Dit ondergaan vormwisseling, 'n stadige proses met skielike versnellings tussendeur. **Eilande** is só 'n versnelling: dit is nie net 'n boek nie, maar ook 'n gebeurtenis. Dit is 'n stuk ontstaangeskiedenis: 'n oerteks in die egte betekenis van die woord, 'n verdig-ting van bestaande gegewens: eintlik behoort dit saam met die Dagjoernaal van Jan van Riebeeck gelees te word.

Ons praat aanmekaar van moederstad en vaderland. Cabo de Boa Esperanza. Cabo Tormentoso. Bakermat. Suidpunt. Wat beteken hierdie woorde? Woorde verhelder, ja, dis hulle werk en funksie. Maar alle funksies het 'n dreefgang na verdunning en vertroebeling, en dit het woorde ook.

Maar eenmaal was woorde mense. En af en toe, 'n wonderlike oomblik in enige letterkunde, kom daar 'n boek, 'n ding gemaak uit vesel, die lyk van 'n boom, wat die mag besit om jou te verplaas na daardie oomblik toe woorde mense was. Nie in alle letterkundes gebeur dit nie - glad nie. Maar in ons letterkunde het dit, en hier is die boek.

Die boek werk met geweldige epiese versnellings wat aan jou verbyvloei. Maar gedurigdeur, oraloor, kom hierdie epos tot stilstand en tot rus in die lewe van gewone mense; dit is wat tel.



Eilande lyk na 'n soort onuitputlikheid. Dit roep die woord 'respekte' na vore. Respek vir wat verbygegaan het. Respek vir die byna onuitspreklike woestheid van die mens se verlange tot bestaan, tot erkenning, tot leeftog op aarde; respek vir diegene wat dit opgeteken het, vir die eerlike arbeid wat in so 'n poging opgegaan het.

Respek vir die geleentheid van so 'n boek, die gebeurtenis daarvan, wat op sigself 'n ander smaak is vir elkeen wat die boek onder hande neem.

Af en toe, 'n wonderlike oomblik in enige letterkunde, kom daar 'n boek wat die mag besit om jou te verplaas na daardie oomblik toe woorde mense was. Nie alle letterkundes het dit nie. Maar ons letterkunde het dit, en hier is die boek.

André P Brink: There is only one word ultimately to describe **Eilande** - awesome. A country that can produce a kaleidoscope like this novel, with its sheer dazzling beauty, and deep understanding of humanity, has most triumphantly put his colonial adolescence behind it.

Leon Rousseau: **Eilande** is 'n groot roman, miskien die grootste roman in Afrikaans. Miskien omdat daar tussen **Eilande** en die hoë woord grootste, die reuse skrywersgestalte van Karel Schoeman staan.

Louise Viljoen: **Eilande** is 'n sterk tradisionele roman waarin letterkunde en geskiedskrywing baie na aan mekaar beweeg... Ek het nog selde 'n boek - feitlik of fiktief, gelees wat vir my so 'n skerp beeld kon skep van die Kaap rondom die begin van die Nederlandse nedersetting en wat aan historiese gegewens so 'n ryk tekstuur kon gee. (**Die Burger**, 20 Mei 2002.) Deneyen sê (p.398): 'Jy kan van Jan Kompanje sê wat jy wil, maar jy hoef nooit ver te soek na sy dokumente nie.'

Ek sou graag in die boek kaart wou gehad het om te sien waar was Keer de Koe en Houd den Bul. Waar was Lemoenbosvlakte en Noordweshawe op Mauritius? Gelukkig is dit voorsien in die twee ander boeke oor dieselfde tydperk wat ek baie kortliks gaan noem. Dalene Matthee gee in **Pieterella van die Kaap** kaart van Mauritius en Robbeneiland aan en Trudie Bloem gee in **Krotoa-Eva the woman from Robben Island** kaart van die Kaap in die tyd van Eva en 'n kaart van die pad wat Eva en Arre na Oedasa se kraal gereis het.

Intertekstuele beskouing

Eilande verskyn betreklik kort na Pieterella en Krotoa-Eva in 1999.

Dalene Matthee se roman dek dieselfde

historiese materiaal as **Eilande**. Dan Sleigh het haar gehelp met die deurwerk van die gegewens. Die twee romans tree met mekaar in gesprek en dwing die leser telkens om van die een na die ander oor te slaan vir verskillende perspektiewe op dieselfde gegewens. Dit laat 'n mens juis soms wonder watter weergawe korrekter is. Uiteraard is dit 'n interessante bespiegeling maar nie sonder sy eie slag-gate nie. In sy epiloog waarsku Sleigh: 'Daar is geen geskiedenis nie, anders as die ontleding en vertolking van dokumente, 'n soektog na oorlewendes in eindelose ruimte.' (p. 757)

Dalene Matthee het in haar lesing in Stilbaai gesê dat sy weet iemand anders skryf ook oor Pieterella, maar sy weet 'uit haar maag uit' hoe Eva en Pieterella gevoel en gedink het. Sleigh sê in 'n onderhoud dat sy boek gaan oor sewe mans losweg gekonnekteer met hierdie vroue. Vir my is die groot verskil eerstens oor HIStory en HERstory. Miskien stel dit ook 'n logiese teenoor 'n intuitiewe benadering.

Vergelyk hoe Matthee in die oortog na Mauritius konsentreer op Pieterella se ontberings in die benoude skeepsruim en die antagonisme van die ou wywe. Sleigh fokus op die bemanning, hoe hulle navigeer en die vermoënis en probleme van Daniel en sy stryd met die bootsman wat hom verneder en tot 'n geveg wil uitlok.

Die leeskringleier van Stilbaai sê: 'Ek wil nie 'n ikoon soos Dalene Matthee afbreek nie. Ek het Pieterella baie geniet, sy het die geskiedenis verkeerbaar weergegee. Ek kon Sleigh se boek nie neersit nie, dit laat 'n mens se kos verbrand en spinnekoppe op jou mure versamel.'

'Trudie Bloem gee ook 'n insig oor die tydperk, maar sy het te gebonde gebly aan die dokumente, byvoorbeeld, wat het Maria van Riebeeck gedink, ensovoorts. Doen egter gerus die moeite om dit te lees.'

Sal ons wat **Eilande** gelees het, dit vergeet? As ons by die Waterfront kom, sal daar 'n driemaster verskyn uit die mis, op pad na die reede, sommer hier naby? Ons sal die kanonskote hoor en dink aan Eva en Pieter, aan Pieterella en Daniël, aan Bart en Hans en Jan Vos die slaaf, en ons sal ont hou dat hierdie mense met hul stories deel was van die geboorte van ons hartland.

Bronne

Hier's hulle. **Insig**, Mei, 2001, pp.70-71.